

19 JANUARIE

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 4:1-16
FOKUSGEDEELTE: GENESIS 4:3-4**

Wanneer ek offer, moet die Here eerste kom!

Die gesindheid waarmee ons offer, bepaal of dit vir die Here aanneemlik sal wees of nie. Ons is so geneig om te dink dat offers net oor kerklike bydraes gaan, maar dit is nie die geval nie. Offers is alles wat ons vir die Here gee, met ander woorde ons hele lewe moet 'n offer vir die Here wees. Kan 'n mens jou lewe op verskillende maniere offer? Ja, jy kan. Jy kan soos 'n Kain of soos 'n Abel offer. Albei het geoffer, maar daar was 'n groot verskil tussen Kain se offer en Abel se offer. Daar staan in vers 3 dat Kain van die opbrengs van die land geoffer het. Let op die woorde "van die". Abel bring egter sy offer van die eersteling van sy kudde. Let op die woord "eersteling". Kain se gesindheid was dat hy moes offer, maar dat hy dit doen soos hy wil. Daarteenoor was Abel se gesindheid dat die Here eerste kom. Kain se offer was nie van 'n slegter kwaliteit as dié van Abel nie, maar Kain het nie besef dat die Here in alles eerste moet kom nie.

Hoe is u gesindheid wanneer u offer? Ek maak soos ek wil of dat die Here eerste in alles moet wees? As elkeen van ons na ons lewens gaan kyk en 'n balansstaat optrek van dit wat ons doen, waar kom die Here op die balansstaat? Eerste of eers veel later soos dit my pas? Kom ons gaan kyk of ons werklik die Here eerste plaas in alles wat ons doen. Onthou jou hele lewe is 'n offer aan die Here uit dankbaarheid vir sy genade in Jesus Christus. Ken ek die Here eers in alles wat ek aanpak en uitdeel?

Sing: Psalm 4:3 (1936-beryming)

Ds Albert Berg (Vaalwater)